07 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #24

Geliefde Gemeente,

*"As al die hoenders in die hok gelyk kekkel, soos nou oor die Corona virus, is dit moeilik om te bepaal, waar die slang is en of daar 'n slang is" – Eric Holm.*

In vanoggend se koerant lees ek van 'n ***"immuniteits-paspoort".*** Indien ons dit nie het nie, kan ons nie gaan werk nie.

Gedurende 1996 – terwyl ek vir ses maande in Hong Kong woonagtig was – is ek deur een van my kursusgangers – William Ng – een dag genooi om saam met hom middagete te geniet. By die geleentheid deel hy my toe mee dat, 'n ***"mikroskyfie"*** dié spesifieke dag deur die firma waar hy gewerk het, vrygestel is.

Die opdrag het van Brussels gekom, en was gerig aan 'n front-maatskappy in Australië. Hulle het dit op hulle beurt aan dié instansie – in Hong Kong waar William Ng werksaam was – oorgedra. Die opdrag was om tegnologies 'n mikroskyfie te vervaardig, wat onder die vel ingespuit kon word, en wat al die data van 'n persoon bevat. Dit was 24 jaar gelede.

Ongeveer sewe jaar gelede, was daar 'n artikel – in 'n hoë profiel Internasionale navorsingstydskrif – gepubliseer. Hierdie artikel het 'n volledige uiteensetting gegee, van wat dit tegnologies tot gevolg het. Daar het 'n gebruik in besighede – van sekere Europese lande – gekom dat, mikroskyfies bo-op die regterhand van die werknemers geïmplanteer is. Dit word gebruik vir toegangsbeheer in die algemene kantoor, vir adminstrasie doeleindes. Dit sluit in: sekuriteitsbeheer; toegang tot geboue; die gebruik van hysers, die gebruik van fotostaatmasjiene, rekenaars, telefone; wat sentraal op rekord geplaas word. Dit word deur die maatskappy geïmplementeer, om die produktiewe vlakke van personeel te monitor.

Dit word volgens die internet reeds in Swede geïmplemteer – (https://www.youtube.com/watch?v=dl_ gemn9a9E)

Die wederkoms van Jesus Christus is op hande – ***Open. 12 en 13***.

Volgens ***Esra 10:3*** "*Laat ons dan nou 'n verbond met onse God sluit om al die vroue en wat uit hulle gebore is, weg te stuur"* – en ook ander gevalle – was daar telkemale 'n verbond gesluit **MET 'N SPESIFIEKE DOEL**.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Volgens ***Ps. 50:5*** *"Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!"* – was die opdrag en rigting wat ons in **EKD van die Here ontvang het, om hierdie verbond te sluit bedoelende: dat die gunsgenote 'n duidelike beeld is van die Bruid;** en dat ons bediening te make het met die wegbereiding, vir die wederkoms van Jesus Christus. Almal het nie noodwendig dit ernstig opgeneem nie; of dit het hulle aan perspektief ontbreek, wat daartoe aanleiding gegee het: dat die verbond nie gesluit is nie.

'n Belangrike verwysing vind ons egter in ***Heb. 10:16*** *"want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,"* – hier gaan dit nie maar net om 'n nominale christen of godsdienstig te wees nie; ook nie om maar net aan 'n kerk te behoort nie. Dit dui op 'n duidelike vernuwing van die gees wat in die mens is ***Es. 36:26***. Dit dui op 'n spesifieke etniese groep, wie se burgerskap in die hemele is: ***Ef. 1:20*** wie saam met Christus aan die regterhand van God die Vader sit. **Dit is die geloof wat ons hele "lewe" beïnvloed.**

Dit is die sekuriteit waarna ek verwys. God is in beheer: **DIE HEMEL HEERS –** ***Dan. 4:26.***

Daarom bepaal ***Hag. 2:5*** **dat ons nie hoef te vrees nie.** Die verbond is ons sekuriteit.

Liefdegroete,

Ds. J.H. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335